Die Rooivleisbedryfsforum het onlangs die rooivleisbedryf se kommentaar op die voorgestelde “Fertilizer and Feeds Bill” voor die parlement aan die Portfolio Komitee aangebied. Die RPO was deel van die afvaardiging Die Portfolio Komitee het die voorgestelde wetgewing heeltemal verwerp en dit teruggestuur het na die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye vir verdere konsultasie met die bedryf.

Die Portfolio Komitee voel die departement behoort te motiveer waarom nuwe wetgewing nodig is en ook waarom dit nodig is om aparte wette vir die Voer- en Misstofbedrywe in te stel.

Volgens die Portfolio Komitee moet die departement aandui waar die kapasiteit vandaan gaan kom om dié uitgebreide verantwoordelikhede toe te pas, terwyl die kapasiteit nie eers bestaan om huidige verantwoordelikhede uit te voer nie.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye moet voorts ook motiveer waarom die huidige voorgestelde wetgewing so drasties van die oorspronklike wetgewing verskil. Verder moet daar ‘n raming gegee word van die addisionele kostes wat die voorgestelde wetgewing tot gevolg sal hê.

Die Rooivleisbedryfsforum het in sy voorlegging aan die Portfolio Komitee daarop gewys dat die voorgestelde wetgewing die oorspronklike doelwit, naamlik om die registrasie van kommersiële vervaardigde voere te vervang met die registrasie van kommersiële voere/mengfasilitiete, oorskry. In die plek daarvan word voorgestel dat alle ander mengfasiliteite, ook op privaat eiendom, ingesluit word. Dit sal ‘n invloed op meer as 1 100 000 opkomende boere en meer as 30 000 kommersiële boere hê.

Die kommersiële voerbedryf is ‘waarskynlik n gekonsentreerde sektor wat oorheers word deur ‘n aantal groot mededingers, baie van wie ook met die pluimveebedryf geïntegreer is. Aan die ander kant van die skaal is daar die ekonomiese vermoë van selfmengers om hul eie voere te meng. Hierdie balans sal

verwring word indien die voorgestelde wetgewing toegepas word en selfmengers sal heel moontlik gedwing word om by kommersiële voermaatskappye te koop.

Die Forum is van mening dat die voorgestelde wetgewing heel waarskynlik daartoe gaan lei dat konsentrasie op boerderyvlak in die mark verhoog sal word en dat die kommersiële voermengers se huidige magtige markposisie verder versterk sal word.

Die Medededingingskommissie het die volgende knelpunte in die landbousektor uitgewys:

- Kommer oor die gebrek aan mededingendheid op verskeie vlakke van die voedselwaardeketting.
- Kommer oor "historiese en magtige monopolieë".
- Kommer dat primêre produsente aan die kortste ent trek weens anti-kompeterende optrede omdat hulle in 'n koste-knyptang vasgevang is met hoë insetkostes aan die een kant en lae produsentepryse aan die ander kant.
- Daar is 'n behoefte dat die regering mededingendheid in die voedselwaardeketting sal verhoog.

Die Rooivleisbedryfsforum het ook daarop gewys dat indien die voorgestelde Fertilizer and Feeds wetgewing aanvaar word, dit direk teen die parlement se doelwitte met die Mededingswet sal indruis. Die huidige l pogings van die kommersiele voerbedrywe om selfmengbedrywe by die wet in te sluit, is 'n goeie voorbeeld van hierdie anti-mededingende praktyke.

Die selfmengbedryf het die volgende knelpunte uitgewys:

- Sommige selfmengfasiliteite wat tans heeltemal voldoende is, kan gedwing word om aan onbillike standaarde te voldoen.
- Dit sal 'n onmoontlike taak wees om standaarde, lisensies en ouditgeriewe daar te stel.
- Dit is onmoontlik om formulasies wat deur professionele dierewetenskaplikes saamgestel is, te registreer en te oudit.
- Boere en produsente sal gedwing word om hul pryse te verhoog weens toenemende produksiekostes, wat 'n bedreiging vir voedselsekerheid inhou.

- Sommige boere wat op baie klein marges werk sal gedwing word om die bedryf te verlaat.
- Nuwe toetreders sal verhoed word om die mark te betree.
- In die geval van vertragings, nie-registrasie of die onttrekking van registrasie, sal net die kommersiële voerbedryf daaruit baat.

Die Rooivleisbedryfsforum het die volgende as motivering aangebied dat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye nie die kapasiteit het om die voorgestelde wetgewing toe te pas nie:

- Gebrek aan toepassing van die verbod op die gebruik van ruminante neweprodukte.
- Die onvermoë om BSE voldoende te monitor by abattoirs.
- Die probleem wat bestaan om dierevoere betyds geregistreer te kry, juis die probleem wat tot die oorspronklike aansoek gelei het.
- Onaanvaarbare hoë vlakke van vakante personeelposte.
- Die departement mag gedwing word om dubbele standaarde toe te pas.

Die volgende aanbevelings is aan die parlementêre komitee gemaak:

- Dat voere en misstowwe geskei word en elkeen deur sy eie wetgewing beheer sal word.
- Dat wyer konsultasie in al die provinsies sal plaasvind met die geleentheid vir all belangegroepe om hul mening te gee.
- Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye behoort met die Mededingingskommissie in gesprek te tree oor potensiële anti-kompeterende praktyke.
- Die selfmengbedrywe ondersteun die registrasie van fasiliteite wat voerbestanddele verwerk, meng, waarde daartoe toevoeg en versprei indien dit bedoel is vir gebruik deur ‘n derde party.
- Kennisgewings van die voorgestelde wetgewing behoort die hou van rekords in te sluit van produkte wat gemeng of versprei word wat betref inligting vir die aankoper.

- Die meerderheid van selfmengers gebruik kommersiële bestanddele, voormengers en tuis-geproduseerde graan en vesel.

Op dié manier sal 90% van die risiko's in terme van voeselveiligheid aangespreek word, indien dit die werklik doelwit van die voorgestelde wetgewing was. Dit is glad nie nodig om selfmengers te registreer wat geregistreerde bestanddele aankoop en nie aan 'n derde party verkoop nie. Die belastingbetalers betaal vir die aktiwiteite en dienste wat deur die department gelewer word en 'n fooi behoort nie op 'n tonnemaat gehef te word nie, maar 'n registrasiefooi vir bestanddeelverskaffers en kommersiële meules behoort jaarliks gehef te word.

Die lede van die Portfolio Komitee het groot begrip vir die selfmengbedrywe se standpunt getoon, asook vir die verskillende elemente van die Rooivleisbedryfsforum se voorlegging.